

Johannes (Deel 12) – Is jy dors?

REFLEKTEER

Wat is een gebeurtenis die afgelope week waarvoor jy dankbaar is?

Hoe het jy gevorder met jou VOLGENDE STAP en watse groei het jy ervaar die afgelope week ?

Wat is jou grootste uitdaging en/of waarvoor het jy gebed nodig?

VRAE VIR BESPREKING: Johannes 7

Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle 'n sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie.

1. Lees Johannes 7:6–8 (Galasiërs 4:4–5; Spreuke 3:5–6; Spreuke 16:9; Prediker 3:1; Romeine 12:1–2; Efesiërs 5:15–17; Ester 4:14; Efesiërs 2:10; Handeling 17:26–27; Matteus 5:14–16)

i. Wat bedoel Jesus met “My bestemde tyd is nog nie hier nie, maar julle tyd is altyd op hande”, en wat leer dit ons oor die verskil tussen Jesus se tydsberekening en ons eie? _____

ii. Hoe kan ons, ons tyd in lyn bring met God se tyd of wil? _____

iii. Waarvoor is jy bestem in hierdie spesifieke tyd en plek in jou lewe? _____

2. Lees Johannes 7:5, 12 (1 Korintiërs 1:18, 22–24; 2 Korintiërs 4:3–4; Judas 1:22; Romeine 10:14; 1 Petrus 3:15–16; 1 Timoteus 4:16; Johannes 1:40–42, 45–46; Kolossense 4:5–6)

i. Vir watter redes sukkel mense vandag steeds om in Jesus te glo? _____

- ii. Waarin twyfel jy soms? _____

- iii. Hoe kan ons iemand wat twyfel, help? _____

- iv. Wat kan jy doen om jou “Een Meer” nader aan Jesus te bring?` _____

3. Lees Johannes 7:25–31, 40–43 (Matteus 16:13–17; Johannes 1:1–14; Johannes 20:30–31; Romeine 10:9–13)

- i. Hoe beïnvloed ons eie antwoord op die vraag wie Jesus is, ons verhouding met Hom en ons daaglikse lewe? _____

- ii. Wie glo jy is Jesus (probeer so omvattend moontlik antwoord)? _____

- iii. Hoe kan ons ander mense oortuig wie Jesus is? _____

4. Lees Johannes 7:37–39 (Psalm 42:2–3; 63:2–3; 1 Johannes 2:15–17; Johannes 4:13–14; 14:16–17; Galasiërs 5:16, 22–25; Romeine 14:17; 15:13; Handeling 13:52)

- i. Wat is die dors waarna Jesus verwys? _____

- ii. Hoe probeer mense daardie dors les? _____

- iii. Hoe gaan ‘n mens na Jesus as hy/sy dors is? _____

- iv. Die “strome lewende water” waarna Jesus verwys is die Heilige Gees. Hoe beleef ons die “strome lewende water” in die praktyk en wat word bedoel met uit sy binneste vloei? _____

- v. Tot watter mate vloei “strome lewende water” uit jou binneste? _____

GEBED EN OMGEE

Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.

Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daaroor kan bid:

NEEM 'N VOLGENDE STAP

Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit 'n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.

Watter waarheid uit Johannes 6 het my die meeste aangespreek, en wat gaan ek hierdie week daarmee doen?
